

Skriflesing: Romeine 8:17-30

Tema: Ons weet hoe vandag en die toekoms lyk.

Ons weet hoe ons hede en toekoms lyk. Twee dae voor ons verkiesing is dit nogal 'n gewaagde stelling om te maak. Menigspeilings wat poog om uitslae so korrek as moontlik te voorspel, is niks meer as voorspellings nie. En daarvolgens wag daar moontlike koalisies op ons. Hier in ons stad het ons reeds ervaring dat koalisies, om dit liggies te stel, groot uitdagings bring.

Wat presies hierdie week en in ons elke dag se handel en wandel op aarde gaan gebeur, is in 'n groot mate duister.

As Christus se erfgename is ons egter seker van 2 goed wat ons erf. Ons erf toekomstige heerlikheid en op pad daarheen, erf ons lyding.

Ons as kinders van die Here weet dat ons sal swaarkry hier op aarde.

Ons sal dieselfde tipe swaarkry beleef as Christus toe Hy nog op aarde was.

In Matteus 5:10-12 sê Jesus: "Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."

Johannes 15:18-20 sê Hy: "As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat. As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle. Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem."

En in 2 Timoteus 3:12 lees ons: "Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."

Christene oor die wêreld word vervolg. Ons geloof word subtiel bevraagteken en ons word in 'n toenemende mate uitgedaag en uitgeskuif. In sommige dele van die wêreld word kinders van die Here tot die dood toe vervolg. En hierdie vervolging sal net erger word.

Terwyl ons as kinders van die Here in hierdie tyd tussen tussen sy se eerste en tweede koms sug en kla van swaarkry, het ons sy beloftes waaraan ons kan vashou.

Ons is nie alleen nie.

Ons het medegelowiges wat saam met ons swaarkry en waarop ons kan steun.

Die skepping kry saam met ons swaar.

En die Heilige Gees werk in ons sekerheid oor ons toekoms en bid vir ons.

’n Deposito is ’n bewys dat die volle betaling sal volg. So is die Heilige Gees God se eerste deposito, die versekering dat God se nuwe wêreld op ons wag,

En die Heilige Gees bid vir ons. Ons weet nie aldag wat ons, veral oor ons toekomstige heerlijkheid, moet bid nie. In sulke tye bid die Gees self vir ons. Hy vertaal al ons swaarkry in hemelse taal. Hy sug en kla nou, namens ons, by God.

Wees seker en skep moed, God ken jou deur en deur. Hy weet alles van jou moeilike situasie en ook van die swaarkry wat in jou hart leef.

En Hy is nou met ons besig. Dit is vir my soms moeilik om te glo dat God nou elke ding wat in ons lewens gebeur tot ons voordeel gebruik. (Romeine 8:28)

Ons weet en ervaar in ons lewens dat voorspoed dankbaarheid kweek. Maar God sal ook nie swaarkry toelaat as dit nie ’n positiewe verskil maak nie. Swaarkry werk groei en afhanklikheid.

En die laaste ding wat ons in ons swaarkry kan weet, is dat ons kinders van God is want God het ons gekies om in Hom te glo. Hy het ons op die naam geroep. Hy spreek ons vry van sonde. In Hom is ons toekoms vas en seker. Hierin is ons hoop gesetel.

Genadiglik weet ons dat as ons nie net nou saam met Hom sal ly nie, **ons sal uiteindelik saam met Hom in die hemel wees.**

God se nuwe wêreld is vir ons soos ’n volmaakte vakansie wat voorlê. Wanneer ons reeds op vakansie hou, sien ons nie meer daarna uit nie. As ons nou al hierdie nuwe wêreld kon sien en ervaar, sou ons mos nie met volharding daarop gewag het nie.

Maar nou weet ons dat ’n nuwe lewe by God op ons wag. Daarom hoop ons. Ons sug nie net van swaarkry nie. Ons kyk in geloof verder. Ons sug ook in afwagting dat hierdie heerlijkheid sal aanbreek.

Saam met Paulus bely ons in die woorde van 2 Korintiërs 4:17-18: “Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op ’n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”

Ek en jy sal eendag na ons swaarkry kan terugkyk en sê: Dit was somer niks nie.” Ons toekomstige heerlijkheid is baie groter as wat ons huidige lyding swaar was.

Ons is klaar gered. Ons wéét dat ons ’n plek sal hê in God se nuwe wêreld. Ons sien uit na die groot dag wanneer Hy voor almal sal sê dat ons sy kinders is en ons sal opwek tot dieselfde volmaaktheid en onverganklikheid soos syne na sy opstanding.

Ons is nie swerwers sonder rigting en soekers wat nooit vind nie. Ons weet waarheen ons oppad is en ons weet dat ons oppad daarheen gaan swaarkry.

Daarom bely ons saam met Paulus in Filippense 1:20-24: “want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. Wat ek moet kies, weet ek nie. Ek is in 'n tweestryd: So lank as God en mense my nog nodig het op aarde sal ek bly, al kry ek swaar. Maar ek sal my nie teen swaarkry blind staan nie. Ek weet hoe my toekoms lyk. Ek verlang daarna om daar met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.”

Amen